



OPWINDENDE GELEENTHEDE VIR MENSE WAT 'N VERSKIL WIL MAAK
DEPARTEMENT VAN GESONDHEID

KONTRAK POSTE VIR KLINIESE ASSISTENT EN SENIOR KLINIESE ASSISTENTE (SUB-SPECIALIS) VIR INNAME IN 2015/2016

Die Wes-Kaapse Departement van Gesondheid nooi alle gekwalifiseerde Mediese/Tandheelkundige Praktisyne uit om aansoek te doen vir die volgende beskikbare geleentheid by die instansies wat hieronder genoem word.

Vergoedingspakket: Kliniese Assistent (Mediese/Tandheelkundige): R596 118 per jaar; Senior Kliniese Assistent (Medies/Tandheelkundig): R802 884 per jaar ('n Gedeelte van die pakket kan volgens die individu se persoonlike behoeftes gestruktureer word.) (Daar sal van die suksesvolle kandidaat verwag word om aan 'n stelsel van veranderende oortyd deel te neem.) Oorweging sal geskenk word aan huidige werknemers wat reeds op hoër salarispakette is, om sodoende hul bestaande salarisskaal as persoonlik te behou.

i) Minimum opvoedkundige kwalifikasie: Toepaslike kwalifikasie wat registrasie by die Raad vir Gesondheidsberoep van Suid-Afrika (RGBSA) as Mediese Praktisyn/Tandarts of Mediese/Tandheelkundige Spesialis in 'n algemene of sub-spesialiteit toelaat.

ii) Registrasie by 'n professionele raad: Registrasie by die RGBSA as Mediese Praktisyn/Tandarts of Mediese/Tandheelkundige Spesialis in 'n algemene of sub-spesialiteit. Kandidate (Spesialiste en Spesialiste (sub-spesialiteit)) wat as "registreerbaar" beskou word, kan ook aansoek doen. Die aanstelling van suksesvolle aansoekers sal eers bewerkstellig word sodra bewys van aansoek om registrasie of bewys van registrasie verskaf word.

iii) Ander: Kliniese Assistent sal vereis word om as nagraadse studente by die Universiteit Stellenbosch/Universiteit van Kaapstad/Universiteit van Wes-Kaap te registreer soos van toepassing • Alle aansoekers moet Suid-Afrikaanse burgers of permanente inwoners wees • Bevoegdheid in ten minste twee van die drie amptelike tale van die Wes-Kaap • 'n Geldige rybewys.

Table with 5 columns: DEPARTEMENT, SPESIALITEIT & SUB-SPESIALITEITE, TBH/US, GSH & RKOGKH/ UK, VOORKEUR SAL GEGEE WORD AAN KANDIDATE WAT OOR TOEPASLIKE ONDERVINDING EN DIE VOLGENDE KWALIFIKASIES BESKIK: Rows include various medical specialties like Geneeskunde, Chirurgie, Radiologie, etc.

AANSOEKE EN NAVRAE MOET AS VOLG GERIG WORD:

Groote Schuur Hospitaal (GSH): Die Senior Bestuurder: Mediese Dienste, Groote Schuur Hospitaal, Privaat Sak X4, Observatory 7935. Vir aandaag: Me N Mblini. Telefoniese navrae: Ms B Alexander: 021 404 2271. Tygerberg Hospitaal (TBH): Die Senior Bestuurder: Mediese Dienste, Tygerberg-/Tandheelkundige Hospitaal, Privaat Sak X3, Tygerberg 7505. Vir aandaag: Me V Meyer. Telefoniese navrae: Me V Meyer: 021 938 5194.

AANSTELLINGVOORWAARDES EN ROTASIE:

Die aanstelling van Kliniese Assistent sal vir 'n kontraktydperk van maksimum 4 jaar wees (of 5 afhangend van die minimum vereistes van die pos) • Dit kan nodig word om personeel aan 'n ander hospitaal af te staan/na 'n ander hospitaal oor te plaas of te roteer gedurende hul opleidingstydperk, in welke geval geaffekteerde personeel geraadpleeg sal word voordat enige besluit uitgevoer word • Kliniese Assistent sal by alle gesondheidsfasiliteite funksioneer, volgens 'n ooreengekome program • Indien kandidate bereid is om plasing by opleidingsinstansies in 'n landelike omgewing te aanvaar, sal dit 'n bykomende aanbeveling wees. Indien registrasie met die HOI as 'n student vir enige rede gestaak word, sal die aanstelling as 'n Kliniese Assistent ook gestaak word.

NOTAS:

- 1. Aansoekers moet aandui of hulle beursverpligtinge het.
2. Aansoekers moet aan die toepaslike aansoekadres hierbo gestuur word, en moet 'n Z83-vorm (beskikbaar by enige Staatsdepartement) met volledige besonderhede en 'n Curriculum Vitae, asook verslae van drie referente insluit.
3. Gewaarmerkte afskrifte van kwalifikasies moet ingedien word, asook 'n bewys van akademiese rekords. 'n Bewys van huidige registrasie by die RGBSA of bewys van aansoek om registrasie asook van betaling gemaak, moet ook ingedien word.
4. Kandidate wat vir poste in meer as een Kliniese Departement aansoek doen, moet asseblief hul volgorde van voorkeur aandui. Aansoekers moet daarop let dat ingevolge voorskryfte deur die Departement van Staatsdiens en Administrasie, verdere verwysingskontrole op kortlyskandidate uitgevoer sal word, en dat aanstellings aan positiese uitslae van hierdie kontroles, insluitend sekerheidsklaring, kwalifikasieverifisering, kriminele rekords, kredietrekords en vorige indiensnemingsrekords, onderworpe sal wees.



Die Departement van Gesondheid word gelei deur die beginsels van Diensbillikheid. Gestremde kandidate word aangemoedig om aansoek te doen en 'n aanduiding in hierdie verband sal waardeur word.

Hierdie advertensie is geldig tot 26 Februarie 2016. Die werwingsproses sal onmiddellik na 20 Maart 2015 begin.